# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 18


> *Toe Josafat ryk geword het en groot aansien geniet het, het hy ’n huwelik tussen ’n lid van sy familie en een uit die familie van Agab gereël. (2 Kron 18:1)*

Die Kronis gee nie vir ons veel besonderhede oor koning Agab

van Israel nie. 1 Kon 17:29 – 22:40 skets egter vir ons ’n prentjie van ’n goddelose, selfgesentreerde man. 1 Kon 21:25 sê van hom: “Daar was nooit iemand wat hom soos Agab daaraan oorgegee het om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here nie.” Dat Josafat deur sy diplomatieke betrekkinge met dié man deurmekaar geraak het, is verstommend. Agab het nie die Here gedien nie; trouens, saam met sy vrou Isebel het hy sy bes gedoen om die land skoon te maak van almal wat Jahwe gedien het. Sy optrede teenoor Miga wys iets hiervan.

Die Bybel waarsku ons om nie met ongelowiges in een juk te trek nie (2 Kor 6:14), want deur dit te doen, beland jy in situasies waaroor jy nie beheer het nie. Ongelowiges het ander waardes as ons, en hulle ongeërgdheid oor wat God sê, spel probleme. Dis wat met Josafat gebeur het, en dit het hom so byna sy lewe gekos.

---




- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom

# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 17

> *Hy het sy eer daarin gestel om te leef soos die Here dit wil … (2 Kron 17:6)*

Josefat se lewensresep was eenvoudig: leef soos die Here dit wil (vers 6). Laat dit die kenmerk van jou lewe wees, jou eer wees. Hy het die gebooie van God gehoorsaam (vers 4). En hy het sy mense geleer om dit ook te doen. ’n Spesiale taakspan is daarvoor in die lewe geroep om die volk in die wet van die Here te onderrig (vers 7-10). So het Juda ’n Godvresende volk geword wat God en sy wet geken en geleef het. En dit het afgegee aan die volke rondom hulle (vers 10). Hulle het besef dat Juda God se mense is, en daarom het hulle lig geloop vir die Judeërs.

Ons woon ook in ’n Christelike land. Ongelukkig is dit in baie gevalle net in naam. Ons is immers die land met die hoogste moordsyfer per capita ter wêreld. Bedrog het deurgesyfer na elke vlak van die samelewing. Misdaad laat ons agter tralies woon. Sistemiese armoede hou ’n baie groot deel van ons mense gevange.

Josefat sou gesê het, dis omdat ons mense nie die Bybel ken nie. Sonder God is daar nie hoop nie (Efes 2:12).


# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 15 – 16

> *Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou. (2 Kron 16:9)*

Ons het hier met 'n baie groot raaisel te make. Asa was vir

die grootste deel van sy regering ’n koning wat naby die Here geleef het. Ons hoor en sien dit in sy gebede en vertroue op die Here, en ook in sy ywer om afgodsdiens in die land uit te roei. Hy het selfs sy eie ouma as koninginmoeder afgesit omdat sy ’n Asjera laat maak het (15:16). Maar nou, met Baesa se aggressie, roep hy nie God se hulp in nie, maar wend hy hom na die Arameërs. En asof dit nie erg genoeg was nie, vererg hy hom bloedig toe die vrome siener Ganani hom daaroor vermaan het (16:7-10). Dit lyk asof sy kop uitgehaak het, want ook toe hy voet-probleme gekry het (gangreen?), soek hy hulp by dokters (sangomas) in plaas van by God.
Dalk het sy voetprobleme meer gevolge gehad as net sy voete, en het dit sy verstand aangetas. Ons weet nie. Hoe dit ook al sy, Ganani se woorde in 16:9 is vir ons ’n groot bemoediging. Jy kan ook vandag uit dié waarheid leef.

---



# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 14

> *Asa het die Here sy God aangeroep en gesê: "Here, net U kan die swakke teen 'n oormag help. Help ons, Here ons God! Ons steun op U, en in u Naam trek ons teen dié menigte op. U is ons God, Here; moenie dat 'n méns teen U seëvier nie." (2 Kron 14:11)*

Asa het gedoen wat ons ook doen as ons in die nood is: ons vlug na die Here en roep sy hulp in. Die nood was inderdaad oorweldigend. Die Kussiete (oftewel Etiopiërs) het met 'n geweldige oormag teen die Judeërs opgeruk. Net 'n wonderwerk kon Asa en sy leër uit dié benarde situasie red.
Dis duidelik uit Asa se gebed dat dit nie die eerste keer was wat hy die aangesig van God opgesoek het nie. 'n Mens kry die indruk dat hy 'n man was wat biddend geleef het. Daarom het hy nie geaarsel om God se hulp in te roep nie. Vir hom was dit nie net 'n kwessie van oorlog teen 'n oormag nie; die eer van die lewende God was op die spel (vers 11c).
Jy kan ook in jou nood na God vlug, soos Asa. Veral as gebed nie net 'n noodwiel is nie, maar deel van jou daaglikse lewe.

# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 13

> *God het Jerobeam en die hele Israel ’n neerlaag laat ly teen Abia en Juda. (2 Kron 13:15)*


In sy kort regeringstyd van 3 jaar kon Abia nie veel uitrig nie. Hy het nie die godsdienstige verval wat tydens sy pa se

bewind ingetree het, met mening uitgeroei nie. Daarom oordeel die skrywer van die Konings-verhaal baie negatief oor hom (1 Kon 15:3). Die Kronis, wat anders na die geskiedenis kyk, vertel egter vir ons dat hy sy soldate in ’n oortuigende oorwinning oor die oormag van Jerobeam aangevoer het, maar haas hom om by te voeg dat dit God was wat Jerobeam se mag gebreek het (vers 15). Min word eintlik gesê van die geveg self, behalwe dat dit wil lyk asof Jerobeam se soldate deur die trompetgeklank van die priesters beangs geraak het.

Die gebeure bevestig die woorde van Abia se oupa Dawid in Ps 18:30 – as God by jou is, is geen oormag vir jou te sterk nie (lees gerus Dawid se aangrypende belydenis in verse 26-32). Ons kan vandag terugkyk op ’n lang geskiedenis wat dit bevestig. God is getrou en Hy laat nie dié wat op Hom vertrou, in die steek nie.

Dit is ook waar van die uitdagings wat ons vandag moet aandurf.

---




- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant

# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 11 – 12

> *Maar hulle sal aan hom onderhorig word, en hulle sal agterkom wat dit is om My te dien en wat dit is om die konings van ander lande te dien. (2 Kron 12:8)*

Die Kronis gebruik die lewe van Rehabeam om te illustreer hoe nou God betrokke is by die lotgevalle van sy mense. Die Here is die Een wat toelaat dat Jerobeam en die noordelike stamme wegbreek (10:15 en 11:4); Hy is die Een wat voorspoed gee aan wie Hom gehoorsaam (11:4b). Hy het aan Rehabeam militêre sukses gegee (11:5-12); Israel se ondersteuning (11:13-17) en ’n groot nageslag (11:23-28). Aan die ander kant is dit uit Rehabeam se lotgevalle duidelik dat ontrou aan die Here tot rampspoed lei (12:2). Dis net verootmoediging en berou voor die Here wat hulle lot sou verander (12:12).

Die boodskap van die Kronis aan sy lesers wat in ballingskap verkeer het, is duidelik: die pad na vryheid en die verligting van hulle ellende het gelê in die terugkeer na God en verootmoediging voor Hom. So nie wag daar rampspoed.

Jesus verwoord hierdie waarheid effens anders. Hy het gesê (Matt 11:28): “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.” Kyk ook na Joh 3:36.

## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026